## Feite en menings

Wanneer mense stellings maak, kan dit as **feite** of **menings** gesien word.

’n Feit is ’n stelling wat deur meer as een bron as die waarheid **bewys** kan word.
**Voorbeelde:** Bloemfontein staan bekend as die Rosestad.
Pretoria het 180 laerskole.

’n Mening is **iemand se opinie** of **subjektiewe siening** van ’n saak. ’n Mening kan dus van persoon tot persoon verskil omdat mense verskillend glo, dink en ervaar. Woorde soos **glo**, **dink** en **reken** is dikwels ’n aanduiding dat ’n stelling ’n mening is.
**Voorbeeld:** Volgens die Gautengers is hul provinsie die beste om in te bly.

1. Lees die koerantberig en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Student beseer na sprong!

Kaapstad – Sahira Tasneem (18) van Indonesië, wat besig is met haar studies hier in Suid-Afrika, het gister ongeveer 11 uur van ’n krans in die Du Toitskloofpas geval.

Sy en 15 vriende het die Kromrivier-staproete gaan stap en by ’n waterval beurte gemaak om in die koel water te spring.

Haar vriende het gou besef iets is verkeerd toe Sahira na ’n sprong in die water spartel. Hulle het haar uitgehelp en haar kop en nek stilgehou. Nooddienste is gekontak. “Toe ek die klank van die helikopter hoor, was ek baie verlig,” vertel Sahira.

Sy is in ’n stabiele toestand in die Groote Schuur-Hospitaal en word vir rugbeserings behandel.

**Ken die woorde**

krans – *cliff*
beurt – *turn*
sprong – *jump*
verlig – *relieve*
behandel – treat

a) Watter staproete het die studente gevolg? ____________

b) Wat is die student wat beseer is se van? ____________

c) Hoe laat het die ongeluk gebeur? ____________

d) Is die antwoorde wat jy bo gegee het feite of menings?

____________


© Oxford University Press Southern Africa

**Ken die woorde**

tolpad – *toll road*
fondse – *funds*
regverdig – *fair*

2. Lees die volgende sinne en dui elke keer aan of dit ʼn feit of ʼn mening is.
   a) Ek voel Suid-Afrika is die mooiste land ter wêreld.
      ______________________
   b) Kurt Darren se een liedjie se naam is "Hemel op Tafelberg".
      ______________________
   c) Die Suidkus is die beste vakansieplek in die wêreld.
      ______________________
   d) Glo my, ons gaan elke jaar Kaapstad toe en daar is die weer altyd lekker. ______________________
   e) Daar is vandag twee duisend motors deur die Hugenoot-tolhek. ______________________

3. Lees die uitsprake oor die e-tolstelsel in Gauteng en dui aan of die stellings feite of menings is.
   a) SANRAL was verantwoordelik vir die bou van die tolpaaie.
      ______________________
   b) Ek dink die e-tolstelsel is regverdig; beter paaie vereis meer fondse.
      ______________________
   c) Volgens my moes die regering ons mening gevra het.
      ______________________

4. Lees die onderstaande sinne deur en onderstreep die woorde wat aandui dat dit nie feite is nie.
   a) Die konsert was volgens haar ʼn reuse sukses.
   b) Ek dink die leerders het die konsert geniet.
   c) Die onderwyser glo die uitstappie was interessant.
   d) Lebogang reken sy sal die prys wen.
   e) Volgende jaar sal ons dalk weer ʼn kunstenaar kry om op te tree.
   f) Na my mening is Bobbie van Jaarsveld die beste Afrikaanse sanger.

© Oxford University Press Southern Africa